

**Sing vooraf staande:** Psalm 86:8 (p. 434)

- 8 Maar barmhartig en lankmoedig, / groot van goedheid en oorvloedig  
in genade, en altoos trou / is die HEER wat my behou.  
Wend U tot my in ontferming, / red my, toon my u beskerming!  
Hoor my, HEER, 'n seun is dit / van u diensmaagd wat hier bid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 36:2 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,  
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.  
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!  
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.

**Gebed**

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

**Vergifnis:**

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

Psalm 71:2 (p. 352)

- 2 Wees my 'n rotssteen hoog verhewe, / hoog teen 'n bergwand aan, / waar 'k altyd in kan gaan.  
U het beveel dat ek sal lewe; / en 'k leef, o grote Ontfermer, / my Toevlug en Beskermer!

**Skriflesing:** Markus 13:1-13 en Jesaja 2

**Teks:** Jesaja 2:2-5; Kategismus Sondag 21

**En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regsprek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie. Kom, huis van Jakob, en laat ons wandel in die lig van die HERE!**

Een van die tekens van die laaste tye is dat die kerk onsuiver gaan word, en dat daar groot verval in die kerk gaan wees. Dit is wat nou in ons tyd gebeur.

- Kyk net na die wêreldgeskiedenis: verderf en verwildering neem toe onder volke wat vroeër

bekendgestaan het as Christenvolke.

- In ons eie land sien ons dit ook dat kerkmense al hoe meer in hulle godsdienste verflou. Jaar na jaar kan ons sien hoe kerke verander, en hoe hulle in die algemeen dinge aanvaar wat vroeër vir hulle vreemd was.
- Kerke begin geduld kry met dinge waarteenoor hulle vroeër heeltemal afkerig gestaan het, soos byvoorbeeld egskeiding en homoseksualisme.

Kom ons kyk na hierdie Bybelgedeelte aan die hand van die volgende sake:

### **1. Juda se geloofsagteruitgang**

### **2. Die Here bly altyd by ware gelowiges**

### **3. Vorentoe saam met die Here!**

#### **1. Juda se geloofsagteruitgang**

In Jesaja se tyd was sy volk in die een oorlog na die ander betrokke, en sy volk het al hoe verder teruggesak in die ry van volke.

- Die probleem was nie dat die ander volke sterker was as Juda nie.
- Die oorsake van die swakheid het binne-in die volk gelê. Die volk het van binne af verrot. Ons lees van die sondes wat hulle bedryf het: mammondiens, geveinsdheid, leuens, geweld, goddeloosheid, gierigheid en hoogmoed.
- Die Here het hierdie sondes onder sy volk so ernstig aangeslaan dat Hy die volk aan vernietiging blootgestel het.

In hierdie donker tyd van verval en vernietiging kom Jesaja met 'n profesie na vore waarin hy 'n profesie van verheerliking aan die volk voorhou.

- Hy vertel dat die Here openbaar hoe die kerkgeskiedenis deur die wêreldgeskiedenis loop.
- Hy gaan die Kerk aan die einde van die geskiedenis verheerlik.

Met hierdie profesie wat deur die tye heen gryp tot by die einde, versterk God sy gelowiges wat nog werklik glo: sy ware kerk.

- Om die profesie te verstaan, moet u onthou dat hierdie profesie gerig was aan die kerk in sy verval, want Israel was op daardie stadium in die Ou Testament die kerk.
- Hulle hoor hoe daar te midde van goddeloosheid in die kerk bemoediging van God af kom: Hy beskerm en bewaar steeds sy kerk.

Jesaja was ook nie die enigste een wat hierdie dinge gepreek het nie.

- Miga het in dieselfde tyd as Jesaja gelewe en hy het ook hierdie dinge gepreek. (Miga 4:1-3).
- Die twee profete het dus skouer aan skouer te velde getrek teen die verkeerde dinge.

Hulle het gepreek dat Jerusalem weer deur God verhef sal word tot die middelpunt waar God se vrees sal wees.

- Die droewige toestand van rumoer en willoosheid sal verbygaan, en die volle lig van God se heerlijkheid sal weer in sy kerk straal.
- Jesaja skryf hier van die werk van die Heilige Gees, want die stad kan hom nie self uit sy puin optel nie! Iemand anders moet dit doen.

Hierdie profesie loop inderdaad ook oor op ons.

- Die Heilige Gees verhef ons, omdat Hy die werk van Jesus Christus in ons bevestig en afrond.
- Uiteindelik word dit in die laaste dae tot voltooiing gebring.
- Ons bely die dinge wat hier staan, want ons bely van die kerk dat die Here Jesus vir Hom 'n

gemeente verkies het, en dat Hy hierdie gemeente van die skepping af tot met die wederkoms deur sy Gees en Woord beskerm en onderhou.

## 2. Die Here bly altyd by ware gelowiges

Dit is wat hier gebeur – Die Here bly altyd by die ware gelowiges.

- Hy roep die uitverkorenes deur die Heilige Gees.
- Prakties werk dit so dat hulle die Woord van die Here bestudeer, en dan word hulle deur die Woord in die geloofsfeite ingelei.
- Die Heilige Gees maak die Woord vir hulle verstaanbaar, en Hy maak ook hulle begrip oop, en dan laat Hy hulle glo.

Jesaja skryf dat die volk *opgaan* na die huis van die Here, en dat die nasies daarheen *toestroom*.

- Die mense gaan nie uit eie keuse nie, want die woorde wat die Bybel hier gebruik, leer dat daar 'n baie groot krag is wat die mense dryf.
- Dis die Heilige Gees wat die uitverkorenes kragtig beweeg en aanspoor om steeds in die Naam van Jesus Christus bymekaar te kom, om met God en met mekaar gemeenskap te beoefen.

Die Heilige Gees vergader nie net die kerk nie.

- Hy openbaar ook sy krag binne-in die kerk. Hy laat die kerk in sy krag die Woord van God uitvoer.
- Dit gebeur in die proses van bekering en volharding. Dit gebeur wanneer die Heilige Gees ons daartoe bring dat ons onself in ons sondes ontdek.

Dis wanneer die besef tot ons deurdring dat ons iets verkeerd doen.

- Dis Hy wat ons dan berou laat kry, en wat ons beweeg om met hierdie sonde te breek.
- Dit is Hy wat ons in hierdie goeie voorneme laat volhard, en wat dan ons bekering 'n blywende werklikheid maak.

So word ons die gawes van die Here Jesus se kruis deelagtig.

Luister net weer hoe Jesaja dit stel (2:3):

**En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. (Jesaja 2:3 AFR1953)**

Die Woord en die Wet word dus deur die Heilige Gees in ons gewerk.

- Die Heilige Gees werk ook nie tevergeefs nie. Sy werk word altyd beloon.
- Daarom gee Hy aan ons die krag om op die pad van saligheid te kan bly totdat ons eindig in die koninkryk van God.
- Hy hou ons daar! Want die gemeenskap met God is ewig.

Ons weet ons is sondaars, maar die troos is hier dat die Here nooit sy kerk verwerp nie – juis omdat sy liefde tot in ewigheid bly.

- Die Here sal ons straf, en ons dalk aanhoudend straf wanneer ons sonde doen.
- Maar dan is sy straf altyd sodat ons tot bekering moet kom. Die straf van die Here is altyd om ons terug te beweeg tot gehoorsaamheid.

God vergeef al ons sondes wanneer ons berou het.

- Hy vergewe natuurlik net een sonde nie, en dis die sonde teen die Heilige Gees.
- Maar dit is inderdaad 'n baie ernstige sonde, want met daardie sonde ontken jy die bestaan van God.
- Hierdie sonde beteken dat jy alle gemeenskap met God verbreek.

### 3. Vorentoe saam met die Here!

Die betekenis van hierdie preek vir ons tyd is dat dit ons wil bemoedig om in die geloof te volhard.

- Die preek wil ons troos en leer dat God altyd saam met ons is.
- Ons het hierdie versterking bitter nodig, want die wêreld verwerp nie net die gelowiges al hoe meer en meer nie.
- Hy kry ook 'n al hoe sterker houvas op hulle. Hy het 'n manier om ons mak te maak vir dinge waarvoor ons nie mak mag wees nie.

Soms maak die duiwel ons moedeloos, want hy het so 'n manier om jou te laat voel dat jy agteruitboer.

- Hy laat jou voel dat die Here jou vergeet het wanneer jy in groot spanning is.
- Hy laat jou soms voel dat dit heeltemal tevergeefs is om te glo, want ons kan nie altyd die vrugte op ons geloof sien nie.

Nou kom die Here en Hy troos u:

- Hierdie kerk op die aarde wat in ons tyd so worstel met allerhande soorte dwaalleer, en wat soms ook so kwynend bestaan – hierdie kerk word deur sy krag gered en bewaar.
- Hierdie kerk se glorie eindig in die Nuwe Jerusalem.
- Ons wat waarlik glo – gaan eendag in die strale van God se majesteit staan.

Daarom rus daar op elkeen van ons die verantwoordelikheid om die Naam van die Here te verkondig.

- Ons het die verantwoordelikheid om 'n lewe te leef wat hierby pas.
- Ons doen dit nie altyd nie, en daarom sal ons die straf van die Here moet verduur wanneer Hy teen ons optree as daar by ons geloofslamheid intree.

Dit is waar dat Jesaja eerste vir die mense van Juda gepreek het, en dis ook waar dat Jesaja se preek waar is vir die heilige algemene kerk van die Here wat deur die eeue heen bestaan.

- Maar dis ook waar dat dit betrekking het op ons eie gemeente. Ons sal ook op bepaalde punte van ons geloofslawe onself moet opskerp.

Ons gemeente het bepaalde baie sterk punte, maar ons het ook swakplekke wat aandag sal moet kry.

- Die sterker punte van ons gemeente is dat ons lidmate oor die algemeen voorbeeldige lewens lei.
- Ons word deur die Here gevrywaar van talle egskeidings, byvoorbeeld – dis iets wat nie baie gebeur in ons gemeente nie.
- Ons gemeente se sosiale gedrag is oor die algemeen puik.

*Maar die vraag is of ons geesteslebens ook altyd so gepoleer is.*

Van die plekke waar ons sal moet aandag gee, is dinge waaraan baie van ons ons min steur:

- Dink hier aan ons aandkerkbesoek.
- Nog so 'n punt is sekere lidmate se kinders se geloofsopvoeding. Almal van ons leer nie ons kinders die Bybel nie.

Hier is te veel van ons kinders wie se Bybelkennis baie swak is, en dit behoort nie so te wees nie.

- Dis 'n ernstige saak, want hulle is die mense wat die kerk 'n geslag verder deur die geskiedenis moet neem op pad na God se heilige troon toen.
- Hoe kan hulle dit doen as hulle nie behoorlik toegerus is daarvoor nie ?

As ons nie baie deeglik hieraan gaan aandag gee nie, het tog op 'n manier deel aan die verval van die kerk. Want dan skort daar iets in ons geloofsmondering.

U moet altyd onthou dat ons genade kry.

- Die genade van God word oorvloedig vir ons gegee in die Here Jesus Christus.
- Sy dood aan die kruis is inderdaad omdat die Here sy kerk – dis ons – in die Here Jesus Christus herstel uit ons sondes.
- Met sy opstanding en oorwinning oor al die magte van die hel, herskep Hy ons tot 'n ewige Godsvolk wat tot in ewigheid lewe.
- Die Here Jesus volg ons ook met sy kruisgenade deur die eeue, daarom word die Heilige Gees oor ons uitgestort.
- Die werk van die Heilige Gees in ons kom deur die genade van God se raad en die versoening van die kruisdood.

Ons het pas weer die heilige Nagmaal gevier waar die Here ons aan sy tafel versterk het in ons geloof.

- Daar het die Here met breek van die brood voor ons oë verkondig dat Hy ons uitverkies het om ons met Hom te versoen.
- Hy het aan ons wyn gegee om te drink, wat ons herinner aan sy bloed, sodat ons moet onthou dat ons altyd deur sy krag en sterkte gedra word.

Die Here het ons so lief, dat Hy sy Seun vir ons laat sterf het.

- Eerste tot vergifnis van ons sondes,
- maar ook sodat ons tot in ewigheid lewe.

Laat ons ons loswikkell uit al die dinge wat ons versper om opsigtelik gelowig te lewe. Laat ons die strome van God se liefde en genade geniet, en dit in ons lewens weerspieël.

Kom ons lees van hierdie dinge in ons Belydenis: Heidelbergse Kategismus Sondag 21, vraag 54.

**Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?**

**Antwoord:** *Dat die Seun van God (a) uit die hele menslike geslag (b) vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is (c), deur sy Gees en Woord (d) in die eenheid van die ware geloof (e) van die begin van die wêreld af tot die einde toe (f) vergader, beskerm en onderhou (g) en dat ek daarvan 'n lewende lid is (h) en ewig sal bly (i).*

*(a) Ef 5:26; Joh 10:11; Hand 20:28; Ef 4:11-13. (b) Gen 26:4; Op 5:9. (c) Rom 8:29; Ef 1:10-13. (d) Jes 59:21; Rom 1:16; 10:14-17; Ef 5:26. (e) Hand 2:42, Ef 4:3-5. (f) Ps 71:17, 18; Jes 59:21; 1 Kor 11:26. (g) Matt 16:18; Joh 10:28-30; Ps 129:1-5. (h) 1 Joh 3:14, 19-21; 2 Kor 13:5; Rom 8:10. (i) Ps 23:6; 1 Kor 1:8, 9; Joh 10:28; 1 Joh 2:19; 1 Pet 1:5.*

**Amen.**

Slotgebed

Slotsang: Skrifberyming 3-4:1, 2 (nuut)

- |                                                                                                              |                                                                                                                     |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>1 U, Christus, is my lewe,<br/>die sterwe wins vir my.<br/>In lewe en in sterwe<br/>is ek aan U gewy.</p> | <p>2 As ek nog hier moet lewe,<br/>beteken dit vir my<br/>dat ek vir die gemeente<br/>nog langer diensbaar bly.</p> |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 13 Junie 2010